

God dink aan jou

God dink aan jou! Waar jy ook al mag wees en waarmee jy ook al besig mag wees. God se *dink* beteken nie net 'n flitsende gedagte so nou en dan nie. Nee, dit beteken dat Hy na jou omsien (1933-vertaling: dat Hy jou "besoek"). Sy dink is sorg. Is dit moontlik om aan alle mense te dink? Vir God is alles moontlik.

Dawid omarm die geweldige inhoud van die Psalm daarmee dat God "wonderbaar" is oor die hele aarde (vs 2 en 10):

- Kyk net hoe glansryk is die hemelruim wat God gemaak het, die werk van sy vingers, die maan en sterre.
- Selfs kinders besing die magtige werk van God.

Kyk egter hoe belangrik jy vir God is. Hy het jou 'n bietjie minder gemaak as 'n goddelike wese. Hy het jou met eer en heerlijkheid gekroon. God gebruik jou in sy skepping om te heers oor die werk van sy hande. Ja, alles is aan die mens onderwerp: mak diere, wilde diere, voëls en visse. Jy het 'n baie belangrike plek in God se skepping. God sorg vir jou en beveel jou om die wonderlike skepping te versorg. God se dink is so omvattend, sy sorg vir jou is so oorweldigend dat dit ewigheidswaarde het. Jy is op pad na 'n nuwe skepping, want vir God is jy so belangrik dat Hy sy Seun gestuur het om vir jou die ewige lewe te gee.

Waar jy ook al mag wees, bly en werk, onthou God dink aan jou. Wat jou omstandighede ook al mag wees, jy is met eer en heerlijkheid gekroon. God sorg vir jou en roep jou om sy skepping te versorg.

Sing: Psalm 8:1-4

Ds. W Vogel (Cachet)